

SAMEVOEGING VAN MEDICLINIC INTERNATIONAL BEPERK EN AL NOOR HOSPITALS GROUP PLC EN GBP600 MILJOEN SUBSKRIPSIE VIR AANDELE IN AL NOOR HOSPITALS GROUP PLC DEUR REMGRO

1. INLEIDING

Remgro-aandeelhouders word verwys na die gesamentlike aankondiging wat op 14 Oktober 2015 deur Mediclinic International Beperk ("Mediclinic") en Al Noor Hospitals Group plc ("Al Noor") vrygestel is op onderskeidelik die Aandelebeursnuusdiens van die Johannesburgse Effektebeurs ("JSE") en die "Regulatory News Service" van die Londense Effektebeurs ("LSE") ("Gesamentlike Aankondiging"), waarin Mediclinic en Al Noor aangekondig het dat hulle 'n ooreenkoms bereik het aangaande die bepaling van die samevoeging van hulle onderskeie besighede (die "Samevoeging") ingevolge waarvan Al Noor sal aanbied om 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Mediclinic by wyse van 'n reëlinskema deur Mediclinic krachtens artikel 114 van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 2008 te bekom (die "Mediclinic Skema"). Gegewe die relatiewe grootte van Mediclinic en Al Noor, sal die Samevoeging as 'n omgekeerde oorname van Al Noor geklassifiseer word krachtens die Noteringsreëls van die "United Kingdom Listing Authority" (die "UKLA").

Al Noor is die grootste private gesondheidsorgverskaffer in die Abu Dhabi Emiraat. Dit verskaf primêre en sekondêre sorg in die Abu Dhabi Emiraat en in die wye streek deur sy portefeulje van hospitale en mediese sentrums en gaan voort om uit te brei na geselekteerde tersiêre sorg. Al Noor bedryf tans drie hospitale en 21 vrystaande mediese sentrums in die Verenigde Arabiese Emirate ("VAE"). Al Noor het meer as 4 000 werknemers in diens, insluitende 683 dokters.

Al Noor, soos vergroot deur die verkryging van Mediclinic (die "Vergrote Groep"), se naam sal verander na Mediclinic International plc op of na voltooiing van die Samevoeging. Na voltooiing van die Samevoeging sal die Vergrote Groep een van die wêreld se grootste akute private gesondheidsorgverskaffers buite die Verenigde State van Amerika wees, met sterk markposisies in Suid-Afrika, Switserland en die VAE, sowel as blootstelling aan die mark van die Verenigde Koninkryk ("VK") deur 'n minderheidsbelang in Spire Healthcare Group plc.

Remgro hou tans 'n 41.90%-belang deur sy volfiliaal Remgro Healthcare Holdings (Edms) Bpk ("Remgro Healthcare") in Mediclinic. Benewens die Al Noor-aandele wat Remgro sal ontvang ingevolge die Mediclinic Skema en as 'n ondeelbare komponent van die Samevoeging, sal Remgro Healthcare of 'n volfiliaal van Remgro Healthcare, inskryf vir 'n verdere 72,115,384 aandele in Al Noor teen 'n subskripsieprys van GBP8.32 per aandeel vir 'n totale bedrag van GBP600 miljoen ("Remgro Subskripsie").

2. HOOFTEKKE VAN DIE SAMEVOEGING

2.1 Belangrikste bepaling van die Samevoeging

Ingevolge die bepaling van die Samevoeging:

- Ingevolge die Mediclinic Skema sal Al Noor die alleen-aandelehouer van Mediclinic word, met Mediclinic-aandelehouers wat uiteindelik geregtig sal wees om 0.6250 Al Noor-aandele te ontvang vir elke Mediclinic-aandeel deur hulle gehou.
- Die bogenoemde verhouding is vasgestel op 'n nulpremiebasis met verwysing na die sluitingsprys van die Mediclinic-aandele op die JSE, en van die Al Noor-aandele op die LSE, gebaseer op 'n 5-dag VGGP tot en met 1 Oktober 2015 (wat onderskeidelik GBP5.20 en GBP8.32 was).
- Huidige Al Noor-aandelehouers sal geregtig wees op 'n spesiale dividend van GBP3.28 per Al Noor-aandeel gehou, op voorwaarde dat die Mediclinic Skema (die "Spesiale Dividend") afgehandel word;
- Al Noor sal aanbied om tot 74.1 miljoen Al Noor-aandele terug te koop (ongeveer 63% van Al Noor se uitgereikte aandele) teen 'n prys van GBP8.32 per aandeel, op voorwaarde dat die Mediclinic Skema ("Tenderaanbod") afgehandel word. Al Noor-aandelehouers sal onderworpe wees aan 'n terugskaalreëling in die mate wat die totale aantal aandele wat aangebied word 74.1 miljoen oorskry (die "Terugskaal");
- Daar word verwag dat die Vergrote Groep sy premium notering op die Hoofmark van die LSE sal behou en sal aansoek doen vir 'n inwaartse sekondêre notering op die hoofafdeling van die JSE. Na verwagting sal die Vergrote Groep toegelaat word tot die FTSE 100 indeks grond op sy verwagte markkapitalisasie.

2.2 Beweegredes vir die Samevoeging

Die Samevoeging sal die skepping van 'n groot en internasionaal gediversifiseerde gesondheidsorg-operateur tot gevolg hê, met diepgaande bedryfskundigheid en 'n goed gebalanseerde geografiese profiel oor Suid-Afrika, Switserland en die VAE. Die Vergrote Groep sal op 'n omsetbasis die grootste private gesondheidsorgverskaffer in die VAE wees, met gevestigde verhoudings met kernbelanghebbendes in Dubai en Abu Dhabi, en sluit ook in:

- Sterk strategiese gepastheid en komplementariteit tussen die streeksbedrywighede van die twee besighede in die VAE, gegewe Mediclinic se konsentrasie aan die bokant van die akute/gehaltekurwe en Al Noor se fokus op premiumkliënte, sowel as hul onderskeie sterkpunte in die gesondheidsorgmarkte van Dubai en Abu Dhabi;
- Moontlike kostebesparings deur aankoopvoordele vanweë groter skaal, gedeelde bedrywighede in die VAE en 'n kombinasie van bestaande korporatiewe funksies;
- Oordrag van kennis en beste praktyke; en
- Betekenisvolle groeigeleenthede in die VAE as gevolg van 'n snelgroeiende verouderende demografie, 'n verhoging in die voorvalle van lewensstyl-verwante mediese toestande, soos diabetes en vetsug, en inherente gapings in dienslewering in die huidige gesondheidsorgmark.

'n Premium notering op die LSE sal langtermyn strategiese voordele aan die Vergrote Groep bied, insluitende:

- Verwachting om te kwalifiseer vir insluiting in die FTSE 100;
- Verhoogde likiditeit en groter toegang tot 'n wêreldwye beleggersbasis;
- Waarskynlike vermindering in langtermynkoste van kapitaal; en
- Groter potensiaal vir die gebruik van aandele as betaalmiddel vir toekomstige verkrygings.

2.3 Opskortende voorwaardes van die Samevoeging

Remgro-aandelehouers word verwys na die Gesamentlike Aankondiging vir die gedetailleerde lys van opskortende voorwaardes van die Mediclinic Skema.

2.4 Aandelehouding na afloop van die Samevoeging

Die Samevoeging sal tot gevolg hê dat Mediclinic-aandelehouers (insluitende Remgro, maar slegs ten opsigte van die Al Noor-aandele deur hom ontvang ingevolge die Mediclinic Skema) tussen 84% en 93% van die Vergrote Groep besit, na gelang van bestaande Al Noor-aandelehouers se opneem van die Tenderaanbod. Na verwagting sal Remgro tussen 35.2% en 39.2% van die Vergrote Groep hou.

3. HOOFTEKKE VAN DIE REMGRO SUBSKRIPSIE

3.1 Belangrikste bepaling van die Remgro Subskripsie

Ingevolge die Remgro Subskripsie en ten einde die Spesiale Dividend en Tenderaanbod deels te befonds:

- Het Remgro Healthcare ooreengekom dat Remgro Healthcare, of 'n volfiliaal van Remgro Healthcare ("Inskrywer"), sal inskryf vir 72,115,384 nuwe Al Noor-aandele teen 'n vaste prys van GBP8.32 per aandeel om sodoende GBP600 miljoen in te vorder, ongeag die uitkoms van die Tenderaanbod; en
- Sal die Inskrywer nie geregtig wees op die Spesiale Dividend, of om deel te neem aan die Tenderaanbod ten opsigte van Al Noor-aandele wat aan hom uitgereik sal word krachtens die Remgro Subskripsie of die Samevoeging nie.

3.2 Beweegredes vir die Remgro Subskripsie

Remgro se strategie is om sy besigheid hoofsaaklik te laat groei deur verskeie van sy platformbeleggings te ondersteun en daardeur te belê met die doel om sy sterk Suid-Afrikaanse basis en platformbeleggings te gebruik om nie net plaaslik nie maar ook internasionaal te groei. Met die erkenning van Mediclinic as Remgro se hoofbelegging in sy gesondheidsorgportefeulje sal die Samevoeging Remgro in staat stel om hierdie gesondheidsorgportefeulje wesentlik te laat groei en om deur geografiese diversifikasie sy winste te verhoog.

Ingevolge die struktuur van die Samevoeging is daar 'n vereiste vir befondsing ten einde die Spesiale Dividend en Tenderaanbod te finansier. Remgro het ooreengekom om 'n gedeelte van hierdie befondsing te verskaf in die vorm van ekwiteit ten einde die Samevoeging te fasiliteer en hierdeur die Maatskappy toe te laat om sy vlak van aandelehouding in die Vergrote Groep dieselfde te hou as sy huidige aandelehouding in Mediclinic. Op grond van 'n redelike stel aannames sal die Remgro Subskripsie 'n positiewe effek op verdienste hê.

3.3 Opskortende voorwaardes van die Remgro Subskripsie

Die Remgro Subskripsie is op voorwaarde dat die Mediclinic Skema afgehandel word.

3.4 Befondsing van die Remgro Subskripsie

Die Remgro Subskripsie sal befondsing word deur die Maatskappy se bestaande kontantbronne sowel as finansiering wat deur Rand Aksepbank ('n afdeling van FirstRand Bank Beperk) en Morgan Stanley Inc gereël is.

4. REMGRO SE AANDELEHOUDING NA DIE SAMEVOEGING EN REMGRO SUBSKRIPSIE

Met inagneming van die Samevoeging en Remgro Subskripsie sal Remgro in totaal, direk of indirek, tussen 41.0% en 45.2% van die Vergrote Groep hou, na gelang van die Al Noor-aandelehouers se opneem van die Tenderaanbod.

5. FINANSIËLE EFFEK VAN DIE SAMEVOEGING EN REMGRO SUBSKRIPSIE

Soos op 31 Desember 2014 het Al Noor bruto bates van GBP210.5 miljoen gehad. Op 'n ekwiteitsverantwoorde basis, gebaseer op Al Noor se 31 Desember 2014 finansiële jaareindresultate, sal Remgro se aandelehouding van tussen 41.0% en 45.2% in Al Noor neerkom op tussen GBP21.5 miljoen en GBP23.7 miljoen in addisionele verdienste op 'n *pro forma* aangepaste basis.

6. VK SE STADSKODE OP OORNAMES EN SAMESMELTINGS EN "WHITEWASH"-BESLUIT

By voltooiing van die Samevoeging en die Tenderaanbod, word verwag dat Remgro as gevolg van die Mediclinic Skema en die Remgro Subskripsie, tussen 41.0% en 45.2% van die aandele in die Vergrote Groep sal hou, na gelang van die uitkoms van die Tenderaanbod. Krachtens Reël 9 van die VK se Stadskode op Oornames en Samesmeltings (die "Kode"), moet 'n persoon wat (tesame met persone wat gesamentlik met hom optree) 'n belang in aandele bekom wat meer as 30% beloop van die stemregte in die maatskappy, wat onderhewig is aan die Kode, 'n aanbod maak om al die oorblywende aandele in die maatskappy te bekom.

Die VK se Paneel vir Oornames en Samesmeltings (die "Paneel") het in beginsel toegestem om afstand te doen van hierdie verpligting, onderhewig aan die Paneel se goedkeuring van die omsendbrieffaan aandelehouers wat deur Al Noor gepubliseer sal word, en ook dat die onafhanklike Al Noor-aandelehouers 'n aparte "whitewash"-besluit aanneem, wat by wyse van 'n stemming met stembriewe geneem moet word, ingevolge waarvan afstand gedoen word van die vereiste vir Remgro om 'n aanbod te maak vir al die aandele in Al Noor ingevolge Reël 9 van die Kode.

7. TYDLYN EN VOLGENDE STAPPE

Volle besonderhede van die Samevoeging (insluitende die Mediclinic Skema, die Spesiale Dividend en Tenderaanbod) sal vervat word in Mediclinic en Al Noor se omsendbriewe aan aandelehouers wat onderskeidelik op of ongeveer teen 17 November 2015 deur Mediclinic en Al Noor gepubliseer sal word.

Daar word verwag dat die aandelehouersvergaderings van Mediclinic en Al Noor gedurende Desember 2015 gehou sal word en dat die Samevoeging voltooi sal word gedurende die eerste kwartaal van 2016.

Stellenbosch
14 Oktober 2015

Beleggingsbank, Finansiële Adviseur
en Borg van Remgro



Internasionale Regsadviseurs
van Remgro

SLAUGHTER AND MAY

Suid-Afrikaanse Regsadviseurs
van Remgro



Gesamentlike Gevolmagtigde Leidende Organiseerders en Onderskrywers,
Skuldadviseurs en Dokumentbesorgers van die Oorbruggingsfasiliteit



Morgan Stanley

Hoofregadviseurs van die Gesamentlike Gevolmagtigde
Leidende Organiseerders

ALLEN & OVERY

CLIFFORD

CHANCE